

“AL WAS ONS OOK DAAR, ONS WEET DIS NIE WAAR NIE” — METODOLOGIE EN GESKIEDSKRYWING IN POSTMODERNISTIESE PERSPEKTIEF

Tom Gouws

(Universiteit van Noordweste)

“History is something that never happened, written by a man who was’nt there.” (Anoniem)

“What is history but a fable agreed upon?”

(Napoleon)

ABSTRACT

In this paper the current methodological cul-de-sac in historiography is examined. Fundamental questions about the methodology, myths and assumptions underlying the writing of history are put forward by linking this discipline to the dynamics inherent in Cultural studies. The author argues in favour of a ‘poetics of memory’ by pointing out that scientific objectivity, truth and ideology are dependent on the belief, or sense-making fiction of the subject/researcher. He shows that historical memory constitutes what could be called, in the words of Ricoer, an “identity of culture”. In a postmodern mode of thinking, heteroglossia is a way of re-thinking history.

INLEIDING

Die mitologiserende rol wat die wetenskaplike vakgebied Geskiedenis, of historiografie in die formasie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel het, kan nie geringgeskat word nie. Met sy bevoorregte diskoersvorm is die geskiedskrywer by verskeie vorme van dominasie betrokke, in die besonder ook by die beheer oor betekenis en prosesse van betekenisgewing.¹

In diens van veral Afrikanernasionalisme as heersende ideologie is die historiografie afwisselend as wapen, dekmantel en profesie gebruik. Dit is duidelik dat die metodologie ten grondslag van hierdie wetenskapsbeoefening² ondubbelsinnig deur ideologie gedik-

¹ Charles Malan, *Op weg na 'n rasionaal vir Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing*, (s.j.), p. 4.

² S. Dubow, “Afrikaner nationalism, apartheid and the conceptualization of ‘race’”, *Journal*

teer en gerig is, en dan boonop 'n ideologie wat die hegemonie van Afrikanernasionalisme in stand wou hou, dit ten alle koste wou versterk. Op dieselfde wyse, maar gerig deur ander ideologieë en bedryf deur ander metodes, het Liberalistiese en Marxistiese geskiedskrywing eweneens die verlede vir ideologiese gewin misbruik.

In sy artikel oor "the mind of apartheid" wys Coetzee³ op Suid-Afrikaanse historiografie se "self-imposed limitations" wat deur hierdie verskillende solipsistiese benaderingswyses veroorsaak is. 'n Mens sou voorts kon aantoon dat die institutionalisering van apartheid ook aanleiding gegee het tot 'n kollektiewe denkmodus van apartheid, selfs onder diegene wat die ideologie van apartheid in hulle wetenskapsbeoefening heftig teengestaan het.

Soos dit duidelik uit ons vorige referaat geblyk het, is die noodsaak vir heroriëntasie uiteraard baie dringend.

Daarbenewens is die kultureel-filosofiese paradigma van post-modernisme 'n heersende faktor in die hoogsontwikkelde intellektuele gemeenskappe, met 'n onteenseglike inspraak op wetenskapsbeoefening. In hierdie referaat wil gepoog word om hierdie twee fasette te ondersoek en die implikasies daarvan, veral die metodologiese implikasies, vir historiografiese navorsing uit te spel.

Die nut van sodanige besinning is om net opnuut weer fundamentele vrae oor die (metodologiese) veronderstellings en grondslae van hierdie dissipline te vra. Vir té min navorsers in die geesteswetenskappe is dit erns om op 'n metavlak prinsipiëel oor hulle studieveld te dink, "because," sê Said, "their work is conducted as ongoing activity within an already constituted field of discourse".⁴

GESKIEDENIS EN EIETDSE KULTUURSTUDIE

Dit is 'n wêreldwye tendens in geesteswetenskaplike navorsing om

of African history, 33, (1992), p. 217.

J. M. Coetzee, "The mind of apartheid: Geoffrey Cronjé (1907—)", *Social Dynamics*, 17, 1 (1991) p. 2.

Edward W. Said, *The world, the text, and the critic* (1983), p. 180. Vergelyk ook M. Foucault, *The archeology of knowledge* (1972), pp. 23—24.

nie meer te hou by die streng gemarkeerde grense wat elke vakgebied vroeër afgekamp het nie. Volgens die nuwe benadering word die noue verweefdheid en interteks van enige bepaalde sisteem met ander sisteme (politiek, sosiaal, joernalistiek, literêr, religie, filosofie en dies meer) as vanselfsprekend aanvaar.⁵ 'n Uitbreiding van Eliot⁶ se omskrywing van kultuur as **die wording van 'n totale⁷ samelewing**, wat al die karakteristieke aktiwiteite en bewussynsvelde van 'n bepaalde groep mense insluit, dui iets aan van die holistiese bruikbaarheid van die begrip as daar oor enige studieveld in die geestewetenskappe gedink word. As Flew⁸ die wetenskaplike terrein van Geskiedenis soos volg verduidelik: "Enquiry characteristically undertaken with the aim of providing an interpretation of the human past considered as a whole," is dit duidelik dat historiese diskoers 'n onontbeerlike plek het in die bestudering van kultuur, maar ook — en dit is vir ons doel belangrik — dat 'n bestudering van geskiedenis nie moontlik is sonder die verrekening van kulturele konteks nie. Grossberg⁹ stel dit so:

Contemporary cultural studies offers only continuous interpretations of society and culture as texts. Seen another way, cultural studies is concerned with describing and intervening in the ways 'texts' and 'discourses' (i.e. cultural practices) are produced within, inserted into, and operate in the everyday life of human beings and social formations.

Kortom: Eietydse Kultuurstudies bestudeer die historiese manifestasies van bewussyn,¹⁰ die poëtika van die geheue.

HISTORIOGRAFIE, METODOLOGIE EN MITE IN DIE POËTIKA

⁵ P. Cotur "Culturele minderwaardigheid Afrikaan: Europese mythe", *De Vlaamse Gids* 76, 4, (Juli/Augustus 1992), p. 56; Malan, p. 16.

⁶ T. S. Eliot, *Notes towards the definition of culture* (1962), p. 21.

⁷ Nie hier bedoel in die tradisionele sin nie, maar eerder soos Peter Burke in "Overture: the New History, its past and its future" (in P. Burke, red. *New perspectives on historical writing*, 1993), p. 3 dit stel: "everything has a past which can in principle be reconstructed and related to the rest of the past".

⁸ Anthony Flew, *A dictionary of philosophy* (1979), p. 149.

⁹ L. Grossberg, "The circulation of cultural studies", *Critical studies in mass communication*, 6, 4, (1989), p. 415.

¹⁰ O. R. Johnson, "The story so far: and further transformations", in D. Punter, (red.), *Introduction to contemporary cultural studies* (1986), p. 280.

VAN DIE KULTURELE GEHEUE

Die **interpretasie** van die **wording** van 'n **samelewing** is waarmee geskiedskrywers en geskiedenisfilosowe hulle besig hou, nié soos daar populêr geglo word, bloot net 'n optekening van die **opeenvolging** van **oorsaak** en **gevolg** nie. Geskiedskrywing is die interpreterende beskrywing van **verandering**. "The historian's task is to re-read the discursive practices which make them meaningful and which change radically from one period to another".¹¹

Die situering van geskiedenis binne 'n breër kontekstuele raam het uiteraard belangrike metodologiese implikasies, maar later meer daaroor.

Alle wetenskapsbeoefening — soos Stoker¹² trouens ook van alle metodes gesê het — is nie vry van prinsipiële veronderstellinge nie. Hierdie prinsipiële veronderstellinge sou ook as **ideologie** benoem kan word.¹³ Ideologie verskaf 'n raamwerk waardeur die wêreld verstaan en verduidelik kan word. "People do not see the world as it really is, but only as they expect it to be, ... through a veil of ingrained beliefs, opinions and assumptions."¹⁴ Die mens sien sy wêreld soos sy ideologiese oë hom toelaat. Wat jy sien, hoe jy die wêreld, die geskiedenis, wat ook al interpreteer, is die afdruksel van wat Fish genoem het "your interpretative assumptions."¹⁵ Lawson, in 'n artikel getiteld "The fallacy of scientific objectivity", stel dit só: "it is not possible to imagine that we can in

¹¹ J. Weeks, *Against nature: essays on history, sexuality and identity*, (1991), pp. 163—164.

¹² Henk G. Stoker, *Beginsels en metodes in die wetenskap*, (1961).

¹³ Uiteraard word die begrip hier nié soos Marx en Engels die begrip 'ideologie' selektief-beperkend gebruik ten opsigte van ekonomiese en maatskaplike sake nie. Die gestigmatiseerde gebruik van die begrip het ook 'n negatiewe konnotasie met die begrip gevestig. (Vergelyk byvoorbeeld die gekanoniseerde betekenisoms krywing van die begrip in die Handwoordeboek van die Afrikaanse taal van F. F. Odendal et al., wat duidelik Marxisties gedrewe is: "Idees wat die grondslag vorm van 'n politieke of ekonomiese teorie of stelsel, veral sulke idees wat tot starheid, onversetlikheid van denke of optrede lei." Ideologie is binne hierdie diskoers nie 'n verstarrende, beperkte, geslote borstrokensiening nie, maar besit immanent die potensie van generasie, wisselwerking en dinamiek.

¹⁴ Andrew Heywood, *Political ideologies*, (1992), p. 4.

¹⁵ Stanley Fish, "Normal circumstances, literal language, direct speech acts, the ordinary, the everyday, the obvious, what goes without saying, and other special cases", *Critical inquiry*, 5, 4, (Summer 1976), pp. 625—644.

some pure and unhindered way examine reality. We can only do so in the light of a theory or hypothesis.”¹⁶ Hieruit vloei voort dat enige interpretasie of lesing of teorie uiteraard ’n subjektiewe grondslag sal hê. Die menings of bewyse of getuienis is altyd ’n funksie van dit waarvoor dit bewys of getuie wil wees: “the interpretation determines what will count as evidence for it, and the evidence is able to be picked out only because the interpretation has **already** been assumed”.¹⁷ Om saam te vat: die mens se waarneming en interpretasie van ‘die wêreld’, ‘die werklikheid’, ‘die geskiedenis’, is ’n aksie wat binne sy bestaande **unieke** konsep-tuele orde geïnterpreteer word.

Die diepgesetelde Positivistiese aanspraak op die wetenskaplike objektiwiteit van geskiedskrywing: “al was ons nie daar nie, ons weet dit is waar”, is ’n valse premisse. Die aanvaarde aksioma van die meeste historiograwe: “being scientific means being objective”¹⁸ is dus duidelik ’n mite.¹⁹ “But practically one’s conviction that the evidence one goes by is of the real objective brand, is only one more subjective opinion added to the lot.”²⁰

Hierdie gedreweheid na Ojektiviteit word in stand gehou deur die versweë geloof in Vastigheid, Feite, Betekenis, Waarheid. “The study of history, then,” beweer Elton, “amounts to a search for the truth.”²¹ Hierdie **geabstraheerde** Eksterne Kontrole word daargestel deur ideologie, of dit nou Platonias is, of Christelik, of Marxisties, of wat ook al. In aansnyding by die oortuiging van Foucault²² meen ek dat waarheid ’n **regulatiewe idee** is, nie soseer ’n **toestand** nie, dat dit ’n funksieafhanklike van ideologie is. **Truth is the sensemaking fiction²³ of ideology.**

¹⁶ H. Lawson, “The fallacy of scientific objectivity”, *The Listener*, 12—13, (February 20, 1986).

¹⁷ Fish, “Normal circumstances”, pp. 627—628.

¹⁸ Robert W. Fogel & G. R. Elton, *Which road to the past?* (1984), p. 9.

¹⁹ Vergelyk ook Heywood, *Political ideologies*, p. 295: “The notion that science provides an objective and valuefree method of advancing human knowledge, so releasing humanity from enslavement to irrational ideologies, has been one of the enduring myths of modern times.”

²⁰ W. James, *‘The will to believe’ and other essays in popular philosophy*, (1917), p. 16.

²¹ G. Elton, *The practice of history*, (1969), p. 70.

²² M. Foucault, *Power/Knowledge*, (1981), p. 46.

²³ ’n Begrip geleen van F. Kermode, *The sense of an ending*, (1970), p. 193.

Alle ideologieë het ten doen om **mag** uit te oefen, die ideologiese magsbasis te verbreed; en daarvoor word die begrip Waarheid, en wat dit inhou, gebruik om die magsistiem in stand te hou. So, byvoorbeeld, is die Calvinistiese Goddelike Raadsplan as Waarheid gebruik vir die instandhouding en bevestiging van die ideologie van Afrikanernasionalisme. Só het dr D. F. Malan²⁴ dit byvoorbeeld uitgespel:

Our history is the greatest masterpiece of the centuries. We hold this nationhood as our due for it was given us by the Architect of the Universe. (His) aim was the formation of a new nation among the nations of the world... The history of the Afrikanerdom is not the work of men but the creation of God.

Hierdie beskouing van Geskiedenis as "God's-eye organization of categorical description"²⁵, *Waarheid*, toon onteenseglik die mitologiserende rol²⁶ wat geskiedenis speel in die instandhouding²⁷ van 'n ideologie.²⁸ Jou ideologiese uitgangspunte/ veronderstellinge/geloof bepaal jou resultate.²⁹ Alles wat nie daarbinne pas

²⁴ Opgeneem in S. W. Pienaar, (red.), *Glo in U Volk: D.F. Malan as redenaar 1908—1954*, (1964), p. 235—236.

²⁵ J. M. Coetzee, *White writing*, (1988), p. 15.

²⁶ In die geval van Afrikanernasionalisme stel M. Attwell, *South Africa: background to the crisis*, (1986), p. 119 dit só: "Afrikaner nationalism, like all nationalisms, must tell half-truths. It must distort and bend reality; it must attribute false motives and passions to other people; it must reinterpret experience and over simplify." Dit is mitologisering. Vergelyk ook A. C. Danto se *Narration and knowledge*, (1985), pp. 31—32.

²⁷ R. Gotesky, "The nature of myth and society", *The American Anthropologist*, LIV, (1952), p. 530: "Every culture will create and value its own myths, not because it may not be able to distinguish between truth and falsity, but because their function is to maintain and preserve culture against disruption and destruction. They serve to keep men going against defeat ... and they preserve institutions..."

²⁸ 'n Mens sou veel uitsprake van dié aard kon uitwys, maar net enkeles ter wille van die argument. As H. J. Klopper in die artikel "Afrikaner, Suid-Afrika is joune", in A. Boshoff, (red.) *Die Afrikaner se hoop leef!*, (1938), p. 6, onomwonde proklameer: "Afrikanerdom ... God het Suid-Afrika aan jou gegee!", dan lê dit ten grondslag van die mite van Afrikanereienaarskap. Die Afrikaner het van die land besitgeneem en het geglô "in die beskikking van 'n alwetende, alwyse Skepper wat die blanke Christendom na hierdie land gebring het om Sy koningryk uit te brei" (E. Verwoerd in Boshoff, p. 1). Deel van die Afrikaner-nasionalis se historiese bewussyn is die veronderstelling dat "God imbues all history with ultimate meaning" (T. D. Moodie, *The rise of Afrikanerdom: power, apartheid, and the Afrikaner civil religion* (1975), p. 1).

²⁹ Selfs byvoorbeeld in die Wiskunde — wat allerweë beskou word as 'objektief' en 'eksak' — bestaan die mite dat dit 'n korpus van objektiewe feite en vasstaande sekerhede is. Dit wys M. Kline in sy boek *Mathematics: the loss of certainty* (1980) duidelik uit. 'n

nie, word nie net gemarginaliseer nie — dit word gerepresseer en gehaplografeer.

In hierdie lig gesien, kan George Burton Adams se presidensiële uitspraak: "The field of the historian is, and must long remain, the discovery and recording of what actually happened,"³⁰ lei tot die identifisering van 'n volgende wydverspreide mistasting: die idee dat al was ons nie daar nie, ons kan presies vertel wat gebeur het. L. E. Neame, in sy welbekende boek *General Hertzog* wys onbedoeld op die mite van historiografiese volledigheid as hy skryf:

The full story will never be completely written. In much of it the deciding force was the spoken word³¹ which is to-day lost, and even if it could be recovered one could not recreate the strange atmosphere in which ... men acted in a sort of midsummer madness.³²

"In what ways may historiography have to extend the terms of its discourse in order to take account of irrational forces in social life?" vra J. M. Coetzee³³ dekades daarna die vraag waarop Neame lank reeds die antwoord gegee het. "If madness has a place in life, it has a place in history too"; indien Suid-Afrikaanse historiografie nie ook verslag doen van dit wat irrasioneel aanwesig is nie, meer digterlik gestel: die **aanwesigheid van die afwesigheid**, nie, "(it) should arouse in us nothing but the deepest mistrust"³⁴

Benadering tot Wiskunde is gebaseer op bepaalde aksiomas en vooropstellings; dit bly egter in wyer verband net van hipotetiese aard en daarom potensieel feilbaar binne 'n ander aksiomasisteem. So sal 'n taalteoretikus soos Susan Langer, wat binne 'n evolusionistiese raamwerk werk, haar teorie tot logiese konsekwensies kan voer, maar dit sal byvoorbeeld van die Christengelowige se taalteorie verskil. Solank 'n ondersoeker binne sy eie sisteem logies voortbou en dit binne sy beginsel-oortuigings verifieer, is hy wetenskaplik besig. "As iemand jou beginsels nie erken nie, dan is 'n kompromie of bewys onmoontlik," beweer H. G. Stoker in *Kristendom en wetenskap* (1929), p. 29.

³⁰ George Burton Adams, "History and the philosophy of history", *American Historical Review*, 14 (1909), p. 236.

³¹ Een van die mees problematiese aspekte vir geskiedskrywing, veral in Afrika waar ongeletterheid die botoon voer. Vir 'n bespreking van hierdie saak, sien Anthony Seldon & Joanna Pappworth se *By word of mouth* (1983).

³² Sonder jaartal, p. 172.

³³ Coetzee, Geoffrey Cronjé, p. 1.

³⁴ *Ibid.*, p. 2.

Wat dan noodwendig weer lei tot die fokusproblematiek waarmee die referaat ingelei is: die metodologiese krisis in eietydse historiografie.

In hierdie ontwikkelende poëtika van die kulturele geheue is verskeie aspekte, probleme, mites en so meer geïdentifiseer, en dit lei noodwendig tot die formulering van 'n nuwe metodologie. "The memory that history cultivates," sê Ricoeur, "constitutes what could be called the narrative identity of a culture".³⁵

DIE NARRATIEWE IDENTITEIT VAN 'N KULTUUR IN 'N POST-MODERNISTIESE DENKMODUS: HETEROGLOSSIA AS METODOLOGIE

Die tydsges van die twintigste eeu is die resultante van verskeie denkmodusse. Hierdie heersende toestand van kennis in die hoogs ontwikkelde intellektuele gemeenskappe, soos Lyotard³⁶ dit noem, kan onder andere herlei word na bepaalde negentiende-eeuse revolusionêre ontwikkeling in die fisika, die psigologie, die sosiologie en die kunste. Dié kulturele vernuwing kan dan ook 'n nuwe paradigma genoem word: die postmodernisme. Nietzsche se 'God is dood'-filosofie, Darwin se evolusieteorieë, Einstein se teorie van relativiteit, en selfs Heisenberg se Onsekerheidsbeginsel dui enkele bakens van karteringe aan waarbinne dié nuwe paradigma beslag kry. Die afwesigheid van 'n Oorsprong os Sin máák dat die twintigste eeu, in Auden se woorde, "an age of anxiety is, "an age of uncertainty".³⁷

Postmodernisme, soos enige ander stroming of bewussyn, kan nie in 'n afgebakende historiese tydsgewrig of periode ingepas word nie. Alhoewel 'n historiese afbakening op grond van 'n konsistentheid van 'n onderliggende konteks kan geskied, ondermyn postmodernisme juis dié nosie. Daar kan uit hulle oogpunt geen definitiewe teorie van postmodernisme wees nie. Tog is postmodernisme 'n gebeurlikheid van hierdie eeu. "The word ... designates the state of our culture following transformations which, since the end of the nineteenth century, have altered the game rules for sci-

³⁵ P. Ricoeur, *The rule of metaphor*, (1989), p. 276.

³⁶ J. Lyotard, *The postmodern condition: a report on knowledge* (1984), p. xxiii

³⁷ C. V. Findley & J. A. M. Rothney, *Twentieth century world* (1986), p. 172.

ence, literature, history and the arts."³⁸

'n Hedonistiese lewenshouding is 'n noodwendige gevolg van die postmodernistiese denkmodus en tydsgees: plesier is die hoogste wet, spel die enigste beginsel. Dit is 'n spel wat alle grense deurbreek³⁹, van oorstoting in ander tekste (want als is teks), van collage. Nie net die self word ondermyn nie, maar alle gewaande outoriteit/gesag/wet/bestaan/God. Alles is relatief en relativisties. Die wêreld moet opnuut versin word.⁴⁰ In hierdie beskouing, word betekenis al hoe meer vloeibaar, minder vas. Om dié rede kan daar ook nie van die **Waarheid** of **Betekenis** gepraat word nie. Die dekonstruksie, miskien dié belangrikste manifestasie van die postmodernisme, wil uitwys dat waarheid en betekenis bloot illusies is. Jacques Derrida, die voorste eksponent, van hierdie denkrigting, se nosie van disseminasie, wat, in leketaal, 'n verstrooiing van betekenis, waarheid en so meer kan wees. So hef dekonstruksie al die konvensies op. Ten 'grondslag' van die dekonstruksie en die postmodernisme is die 'geloof' in die ongeloof aan sekerhede. Postmodernisme, meen Rowe:

begins with the discovery that the 'violence of representation', the 'unhinging' of meaning, the freeplay of signification, and the *différance* that is the secret law of language are the principal means by which **ideology** ... maintains itself, always speaking in someone else's voice, never appearing as such.⁴¹

Kortom, in die woorde van Leitch:

deconstruction subverts almost everything in the **tradition**, putting in question received ideas of the sign and **language**, the **text**, the **context**, the **author**, the **reader**, the **role of history**, the **work of interpretation**, and the forms of **critical writ**.

³⁸ Lyotard, *Postmodern condition*, p. xxiii.

³⁹ "the (hopefully) interminable process of human history, which ensures a constant spillage of meaning beyond any given reading" in A. Easthope, *Literary into cultural studies*, (1991), p. 33.

⁴⁰ G. Boomsma, "De idiotie van het Amerikaanse post-modernisme", *Bzzlletin* 16, 145, (April 1984), pp. 62—66.

⁴¹ John C. Rowe in Nancy Armstrong & Leonard Tennenhouse, (reds.) *The violence of representation* (1989), p. 214, ons kursivering.

ing".⁴²

Die benadrukte woorde releveer hoe belangrik die implikasies van die postmodernisme vir die beoefening van historiografie is: *al was ons ook daar, ons sal nooit weet of dit waar is nie*. Ook geskiedenis is teks, geklee in die differensiële verskille van 'n ontglippende taalpatina. Jenkins, in sy uitstekende en helder boek oor die onderwerp *Re-thinking history*, stel dit so:

we read the world as a text, and, logically, such readings are infinite. By which I do not mean that we just make up stories about the world/the past (that is, that we know the world/the past and then make up stories about them) but rather the claim is a much stronger one; that the world/the past comes to us always already as stories and that we cannot get out of these stories (narratives) to check if they correspond to the real world/past, because these 'always ready' narratives constitute 'reality'.⁴³

Met hierdie metodologiese benadering word **storie** weer sy regmatige plek in **historie** gegee. (Interessant genoeg is dit 'n metode wat verskeie dissiplines, veral in die geesteswetenskappe, begin domineer: in die psigologie, literatuurteorie en teologie, onder andere.) Maar dit is nie maar net 'n heraktualisering van die vroeëre benadering tot narratiewe historiografie waar die klem bloot geval het op oorsaak en gevolg, kousaliteit, en so meer nie. Om geskiedenis as teks te lees, impliseer om Derrida se nosie van 'teks' as diskursiewe teoretiese beginpunt te aanvaar:

a 'text' ... is ... no longer a finished corpus of writing, some content enclosed in a book or its margins, but a differential network, a fabric of traces referring endlessly to something other than itself, to other differential traces.⁴⁴

Geskiedenis word geskryf en gelees "within the infrastructure of

⁴² B. Leitch, *Deconstructive criticism: an advanced introduction* (1983), p. ix, ons kursivering.

⁴³ Keith Jenkins, *Re-thinking history*, (1991), p. 9.

⁴⁴ Jacques Derrida, "Living on", in *Deconstruction and criticism*, (1979), p. 84.

texts", spel Kristeva,⁴⁵ in navolging van Bakhtin, dit uit.

Dit sou, onder andere, insluit: die persoonlike wêreld en ervarings van die skrywer en sy maatskappy, ander werke van tydgenote en voorgangers, die verwagtingshorison van 'n bepaalde epog, leeskonvensies, ook wat Derrida elders "episteam"⁴⁶ noem, invloede uit vervloë kulture en die wetenskap, sametrekings uit "innumerable centres of cultures".⁴⁷ 'n Teks is 'n besitneem van ruimte, tyd, natuur, kultuur, alles. Daar is 'n komplekse intertekstualiteit tussen alles wat die werk omring en die werk self. Hierdie dinamiese wisselwerking het 'n bepaalde effek op die geskakeerdheid en die meerduidigheid van die teks. Dié wisselwerking, meen Falck⁴⁸, het 'n noue relasie met **tradisie**, en dan veral in die sin wat Cherci dit uit die oorspronklike Latyn verduidelik: "in classical Latin ... **traditio** means **surrender** or the **handing over** of a city or an enemy, although the meaning of **instruction, training, teaching** is also altered."⁴⁹

Hieruit volg 'n totaal nuwe metodologie waarin, onder andere, die "midsummers madness" waarvan Neame gepraat het, die "irrationality" and "madness" wat Coetzee gesoek het, aan beslag gegee kan word. "We live by making narrative: fictions are not superstructural, but function as ways in which we survive **the experiences of incomprehensibility**,"⁵⁰ stel Punter dit raak. Alles wat gebeur het, wat verswyg is, wat onderdruk is, wat vry algemeen die irrasionele genoem word, dit dring hulself op aan die gewaande rasonale. Dat dit alles in taal gestalte vind, maak dit juis "pregnant with rationality"⁵¹ **Binne hierdie nuwe paradigma word historiografie bloot die uitlees van moontlikhede**. Die fokus kan val op die analise en historisering van 'n "dissenting voice"⁵²,

⁴⁵ Julia Kristeva, *Desire in language*, (1984), p. 65.

⁴⁶ Jacques Derrida, *Of grammatology* (1976), p. 46.

⁴⁷ Roland Barthes, *Image, music, text* (1982), p.146.

⁴⁸ C. Falck, "Beyond theory", *Essays in criticism*, 36, 1, (January 1986), p.7.

⁴⁹ P.A. Cherci "Tradition and topoi in medieval literature", *Critical inquiry*, 3, 2, (Winter 1976), p. 281.

⁵⁰ D. Punter, "Introduction: Culture and change", in D. Punter (red.), *Introduction to contemporary cultural studies*, (1986), pp. 7—8.

⁵¹ I. Galdstone, *Freud and contemporary culture*, (1957), p. 82.

⁵² Coetzee, *White writing*, p. 18.

'n staaltjie, 'n skynbaar onbelangrike brief, ensovoorts, kortom, op 'n onthullende besonderheidjie, waarmee die gedragkode, logika en motiewe wat die hele samelewing oorheers, ontmasker word.⁵³

Waartoe so 'n metodologiese aanpak van historiese tekste, in die wydste sin dan bedoel, aanleiding gee, is die aanvaarding van die pluralistiese metode.⁵⁴ Coulson *et al.* definieer pluralisme as 'n sisteem wat meer as een finale oortuiging erken.⁵⁵ Dat daar 'n verskeidenheid geldige lesings van 'n teks kan wees, is 'n noodwendigheid. Iser se toegedane mening dat "texts are so constructed as to confirm none of the meanings we ascribe to them, although by means of their structure they continually lead us to such projections of meaning," gee die kern van 'n pluralistiese benadering weer. Met 'n pluralistiese hoofweg, in Pirsig se beeld, sal die verskillende ideologiese gedrewe historiografiese mekaar nie vloekend probeer verbyjaag nie.⁵⁶

Só het Crane pluralisme ten opsigte van literêre kritiek en teorie geformuleer, maar dit is net so transponeerbaar tot die veld van historiografie:

Most of the doctrinal polemics, with their catalogues of critical 'fallacies' and 'heresies',... can be reduced to quarrels between opponents who are really talking about different things or talking about them in different ways. And since there is nowhere any authority capable of deciding, among the many distinguished readings of history, which one's critics ought to fix upon as principles or how they ought to be discussed, it would appear that the only satisfactory approach to the existing diversities of criticism must be one that recognizes a plurality of distinct critical methods — each of them valid or par-

⁵³ A. de Lange, "New Historicism", in Cloete, T. T., (red.) *Literêre terme en teorieë*, (1992), p. 35.

⁵⁴ Vergelyk ook Ken Smith, *The changing past: trends in South African historical writing* (1988), p. 213 waar hy ook dui op die noodsaak om hierdie metode te aktualiseer.

⁵⁵ J. Coulson et al., *The Oxford illustrated dictionary*, (1984), p. 560.

⁵⁶ R. Pirsig, *Lila, an enquiry into morals*, (1992), p. 69.

tially valid within the proper sphere.⁵⁷

Elke historiograaf is, in narratiewe terme uitgespel, eintlik 'n verteller van **his story**. Die stem van die historiograaf is maar **een** van die meesprekende stemme in die diggeweefde diskoers oor die verlede. In die woorde van Peter Burke, in sy uitstekende boek *New perspectives on historical writing*: "We have moved from the the ideal of the Voice of History to that of heteroglossia, defined as 'varied and opposing voices'"

SLOTSOM

Die analise van ons moderne wêreld deur die ikonoklastiese brilense van die postmodernisme, wat ons telkemale terugdwing tot nuwe besinnings en heroriënterings van ons vastighede en sogenaamde 'korrekte' metodologieë, gee vir ons 'n nuwe kontekstuele perspektief op die studieveld van geskiedenis. "In the post-modern world, then," sê Jenkins, "arguably the content and context of history should be a generous series of methodologically reflexive studies".⁵⁸

Heteroglossia, ook 'n begrip van Bakhtin, is 'n antwoord op die metodologiese impasse van eietydse Suid-Afrikaanse historiografie. 'n Mens sal, soos Bakhtin, kan droom van die veelstemmige geskiedenis wat dit sal kan voortbring: "I imagine the whole to be something like an immense novel, multi-generic, multi-styled, mercilessly critical, soberly mocking, reflecting in all its fullness the heteroglossia and multiple voices of a given culture, people and epoch."⁵⁹

57 R.S. Crane, *Critics and criticism: ancient and modern* (1952), pp. 8-9.

58 Jenkins, *Re-thinking history*, p. 70.

59 M. Bakhtin, *The dialogic imagination* (1981), p. 24.